Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

*'n Volksbeweging stuur af op die bestemming van die volk — hy kan dus net een koers gaan.*

# Die O.B.

*'n Politieke party stuur af op die demokratiese parlement — hy moet dus die koers van die kiesersmassa volg.*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 26 MEI 1943. No. 27.

# DR. MALAN VERLOËN S.A. SE NEUTRALITEIT

## Algehele Ommeswaai in Beleid: Volk Gaan nie Stem oor Oorlog

### Strydpunt nou Na-Oorlogse Heropbou

**Binne 'n enkele week het die H.N.P.-leiding van 'n anti-oorlogsbeleid tot 'n pro-oorlogse beleid verander.**

**Binne 'n enkele week is die stelling van Die O.B. dat 'n party nooit die vryheid kan bring nie omdat hy sy beleid moet swaai na die begeertes van die kiesersmassa, bewys.**

**Dit is die drama wat in die afgelope veertien dae hom geruisloos voor die oë van 'n niksvermoedende volk afgespeel het.**

Dr. D. F. Malan het op 30 April die eerste aanduiding gegee van sy veranderde beleid toe hy op Vredendal en Garies verklaar het dat hy nie kans sien om Suid-Afrika uit die oorlog te kry nie, en dat hy die oorlog teen Duitsland nog sal voortsit, hoewel net in minder aanvallende wyse. So plotseling het hierdie ommeswaai gekom dat dr. Malan se eie pers 'n dag tevore hierdie standpunt as „onsin" bestempel het. Op 17 Mei gaan dr. Malan in sy verklaring oor die verkiesing 'n stap verder. **Hy ontken nou openlik dat sy party vir neutraliteit staan, dat hy gesê het dat dit beter is dat Engeland en Amerika die oorlog verloor en dat die strydvraag in die verkiesing oor ons deelname aan die oorlog gaan.** Hy gaan 'n stap verder deur nou te verklaar dat hy ook bereid is om ons troepe te gebruik buite ons landgrense, net soos genl. Smuts aan die begin van die oorlog onderneem het!

In hierdie nuwe beleid word dr. Malan nou ook gesteun deur sy pers. Sowel in sy verklaring as in die hoofartikel van Die Burger van 18 en 19 Mei oor die verkiesing, **word nie 'n woord meer gerep van die Republiek of ons deelname aan die oorlog in verband met die verkiesingsbeleid van die party nie.** In plaas van hierdie „plank" het die H.N.P. nou die „plank" van na-oorlogse heropbou geneem as die allesbeheersende strydvraag.

Vir 'n politieke party is lewensvraagstukke soos die vryheid van 'n volk en deelname aan 'n Europese oorlog maar net gewone „verkiesingsplanke" wat van tyd tot tyd aanvaar of verwerp kan word na gelang dit stemme trek of wegjaag.

#### DRIE STELLINGS

In sy verklaring van 17 Mei oor die vervroeging van die verkiesing noem dr. Malan 'n paar grondige besware teen genl. Smuts se verrassende optrede. Die belangrikste deel daarvan wy hy egter aan 'n verdediging teen sekere stellings van genl. Smuts ten opsigte van die H.N.P. Hierdie stellings van genl. Smuts is woordelik as volg (geneem uit Die Burger van 17 Mei):

(1) **„Dr. Malan het verklaar dat dit honderd maal beter is dat Engeland en Amerika die oorlog verloor as dat Engeland en Amerika dit wen."**

(2) **„Die opposisie was aan die begin van die oorlog neutraal. Dit is nog hul houding."**

(3) **„Die verkiesingstryd sal betrekking hê op die oorlog waaroor die partye verdeeld geraak het."**

Dr. Malan **ontken** nou dat hierdie drie punte sy standpunt verteenwoordig, en hy beskuldig genl. Smuts van **wanvoorstelling en verdraaiing van die ergste graad.**

„Die wanvoorstellings en verdraaiing van die waarheid het ons natuurlik verwag," lui dr. Malan se klag in Die Burger van 17 Mei. „Maar kan jy jou **voorstel dat hy so ver kon gaan as hy nou gegaan het** in sy toespraak wat blykbaar die opening van sy verkiesingsveldtog moes inlui?

„Wat doen hy nou?" so verdedig dr. Malan homself in sy nuutaanvaarde rol. „Hy laat eenvoudig die laaste deel van wat ek verklaar het weg, ignoreer die feit dat ek gepleit het vir onttrekking van **verdere aktiewe** deelname aan die oorlog **en distilleer botweg daaruit dat ek my vierkant aan die kant van Duitsland skaar en sonder meer sou verklaar het dat Engeland en Amerika die oorlog behoort te verloor.**

„En dan verklaar hy nog HEEL INKONSEKWENT in dieselfde asem **dat ons vir neutraliteit staan en dat die volk ons daaroor moet veroordeel.**

„Net so is dit ook met daardie ander verklaring van my. Hy weet beter as enig ander dat dit ons beleid is om, as ons aan die bewind kom, VERDERE WERKDADIGE deelname aan die oorlog te staak en ons troepe vir ons eie verdediging alleen terug te trek tot binne ons grense **OF, AS DIT NODIG WORD, MINSTENS TOT BINNE DIE GRENSE VAN SUID-AFRIKA SOOS DEUR DIE VERDEDIGINGSWET BEPAAL WORD, met ander woorde tot daar waar hy op 4 September 1939 self, met 'n aap in sy mou, aan die Volksraad en aan die volk te kenne gegee het dat hulle gehou sou word."**

Ten slotte doen dr. Malan nog die volgende ontkenning:

**„Nou kom hy agterna en wil die kwessie van deelname aan die oorlog of nie, die enigste strydpunt van die verkiesing maak."** Hierop volg dan 'n kort samevatting van wat die H.N.P. as die eintlike strydpunt beskou, t.w. die **na-oorlogse ekonomiese beleid!**

#### VERANDERING

Uit bogaande aanhaling uit dr. Malan se verklaring, blyk glashelder dat:

(1) **Dr. Malan dit nie meer beter ag dat Engeland en Amerika die oorlog verloor nie,** en dat hy hom nie aan Duitse kant skaar nie. **Met ander woorde hy is òf onverskillig ten opsigte van die uitslag van die oorlog òf hy ag dit nou beter dat Engeland die oorlog wen.** Die enigste faktor in 'n Britse oorwinning wat hom hinder, is Rusland, en daarom verkies hy om in die huidige omstandighede maar net binne Suid-Afrika — in die sin van die

(Vervolg op bls. 2)

## Net O.B. Bring Offers vir Vryheid

### Kommandant-Generaal Wys op Tragiek van Ons Huidige Volkstryd

**„Ons is vandag besig om dieselfde vryheidstryd te stry as 40 jaar gelede maar die tragiek van vandag se stryd is dat wat die Republikeinse Afrikanerdom betref, die volle gewig van die stryd op die Ossewabrandwag val. Elke offer wat in die vryheidstryd gebring word, word feitlik sonder uitsondering deur die Ossewabrandwag gebring." Aldus die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, toe hy Donderdag, 13 Mei, die laertrek van die Transvaalse O.B.-vroue te Vlakfontein, Roodepoort toegespreek het.**

('n Verslag van die kamp verskyn in ons volgende uitgawe.)

Die Kommandant-generaal het gewys op die groot verantwoordelikheid wat veral in hierdie tyd op die vrou in die Ossewabrandwag rus omdat sy net soos in die stryd van 40 jaar gelede die aangewese persoon is om die man te besiel en aan te moedig vir die voortsetting van die stryd.

„Hoe langer ons met die stryd aanhou, hoe seerder kry ons, maar hoe minder reg het ons om daarmee op te hou. **Solank een Afrikaner nog in die Empire se tronke of kampe sit het geen mede-Afrikaner wat die stryd stry die reg om wapens neer te lê nie. Solank een man ly vir die Afrikanerdom mag ons nie die stryd staak nie."**

Dr. Van Rensburg het in hierdie verband verwys na die vasberade en moedige optrede van mev. Grobler, wat, toe haar eggenote, genl. M. S. F. Grobler van Pretoria, deur die Empire-regering voor die keuse gestel is om òf die Ossewabrandwag te bedank òf geïnterneer te word, hom aangemoedig het om nie te kapituleer nie, kom wat wil.

Dr. Van Rensburg het ook melding gemaak van 'n besoek wat hy 'n paar dae tevore gebring het aan mev. Van Heerden, wie se een seun onlangs tot 15 jaar tronkstraf veroordeel is omdat hy vir sy volk gestry het en wie se ander seun ook 'n tydjie gelede in hegtenis geneem is. Haar man is sieklik en haar twee seuns wat die broodwinners was, sit in die Empire se tronk. **„Haar hart is gebreek maar haar moed is nie gebreek nie,"** het die K.G. gesê. So kan talle gevalle opgenoem word.

Hierdie voorbeelde van moed en vasberadenheid laat spreker dink aan 'n geval uit die Tweede Vryheidsoorlog waarvan Kapt. Henri Slechtkamp, tans hoofgenl. in die Ossewabrandwag, hom meegedeel het. Die Engelse het destyds die Boere-vroue uit die konsentrasiekampe geneem en hulle in 'n gehawende toestand voor hul mans laat verskyn om op die manier die Boere se moed te breek en hulle te beweeg om die wapen neer te lê. In een geval, by Middelburg, Tvl., het hulle ook 'n vrou met 'n kindjie op haar arms na haar man geneem. Toe sy haar man sien het sy vir hom die kindjie gewys en gesê dat dit die enigste een van hul ses kindertjies is wat nog in die lewe is. Die ander het almal in die konsentrasiekampe omgekom. In hierdie treurige omstandighede het sy haar man egter nie beweeg om die wapen neer te lê nie. Inteendeel. **Haar woorde aan hom was: „Piet, moenie oorgee nie, skiet hulle!"**

#### DIESELFDE

„Die ondervinding wat ek in die afgelope jaar van die vroue in die Ossewabrandwag opgedoen het, is presies dieselfde as wat die geval was met die vroue in die Tweede Vryheidsoorlog. Solank die vrou moed hou durf geen man terugstaan nie.

**„Die Ossewabrandwag is die draer van die geskiedenis van die Afrikanerdom, veral van daardie deel wat bereid is om te stry en te ly vir hul ideale. En die grootste taak van die vrou in die Ossewabrandwag is vandag om die mans te besiel en aan te moedig. Hulle moet die moed van die mans hoog hou en die kruis van die mans help dra sonder om dit moeiliker te maak."**

Die Ossewabrandwag kan hierdie stryd stry omdat sy leuse is: „een vir almal en almal vir elk." **Die Ossewabrandag het ook sy Judasse gehad, maar vir elke Judas was daar, Goddank, honderd getroues en staatmakers.**

Die Kommandant-generaal het die voorbeeld aangehaal van mnr. Tommie Lyons wat vrygespreek is nadat hy vir ongeveer 15 maande in verband met die hoogverraadsaak aangehou is, **maar wat saam met sy maats op 'n hongerstaking in die tronk gegaan het**

(Vervolg op bls. 2)



# Schoemanello-Drank . . . . .

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE**

| | PER BOTTEL.—As 6 van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL.—Om van 6 tot 12 van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING.—In 4-gel. vaatjie of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/– | 5/– | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 3/6 | 3/– | — |
| Likeurwyn | 2/– | 1/8 | 8/6 |
| Ou Port | 2/– | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo Rooi | 1/3 | 1/2 | 6/– |
| Jeripigo, Wit | 1/3 | 1/2 | 6/– |
| Soet Muskadel | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Port | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Worcester Hock | 1/1 | 1/– | 5/– |
| Pontak | 1/1 | 1/– | 5/– |
| Spesiale Sjerrie | 1/– | 11d. | 4/9 |
| Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/3 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 7/6 | 6/6 | 36/– |
| Ekstra Spesiaal | 7/– | 6/3 | 34/– |
| Brandewyn, F.C. | 6/6 | 6/– | 33/– |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/– |
| Anys-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/– |
| Gemmer-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/– |
| Lemoen-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/– |
| Peperment-Likeur | 6/6 | 5/6 | 31/– |
| Van der Hum | 6/6 | 5/6 | 31/– |
| **JENEWER LIQEURS:** | | | |
| Lemoen-Jenever | 7/6 | 6/6 | — |
| Suurlemoen-Jenever | 7/6 | 6/6 | — |

Voeg by 5/- vir kassie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme:— K.M.B, plus treingeld na sylyne, K.B.A, plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

**JURGENS SCHOEMAN**

Posbus 142. Oudtshoorn.


## ALGEHELE OMMESWAAI IN BELEID

(Vervolg van bls. 1)

Verdedigingswet — te veg, d.w.s. tot naby die grense van Abessinië „indien nodig" (met of sonder die aap in die mou)!

**(2) Hy nie meer vir neutraliteit staan nie.**

**(3) Hy die volk nie gaan vra om oor die oorlog te stem nie, maar oor die EKONOMIESE beleid van Suid-Afrika NA DIE OORLOG!**

Die keuse voor die volk is dus nou nie meer **vir of teen die oorlog nie. Die keuse is slegs tussen die alledaagse politieke programme van twee of meer partye.**

In sy hoofartikel van 18 en 19 Mei beklemtoon Die Burger dat die strydvraag van die verkiesing 'n suiwer ekonomiese is: „Met 'n misleidende kreet wil veldm. Smuts op 7 Julie verseker dat **in die uiters kritieke eerste jare na die oorlog** die mag nog in sy hande en in die hande van die party van die Donker Geldmag sal berus . . . Wie daarom op 7 Julie aan die bewind geplaas word, **sal waarskynlik die Regering wees wat met die geweldige probleme van die na-oorlogse heropbou te doen sal kry.**" Aldus die blad.

**Geen woord meer van 'n Republiek en nog minder van 'n uitspraak oor ons deelname aan die oorlog!**

**En die rede vir hierdie ommeswaai? Eenvoudig omdat dr. Malan die aangebode hulp van republikeinse anti-oorloggroepe geweier het en nou toegewys is op die stemme van pro-oorloggesinde elemente in die kieserskorps.**

## George se Kopbeen Hou Kop

Op 1 Mei het George se vroue-kommando weer skitterend gepresteer toe 'n verkoping van naaldwerk en lekkernye gehou is om fondse bymekaar te maak waarmee behoeftiges gehelp kan word in verband met ledegelde. Hoofkomdte. mev. Cecil Gericke van Mosselbaai het die verkoping met 'n besielende boodskap geopen. Die geesdrif is verhoog deur die aanwesigheid van die O.B.-orkes van Oudtshoorn, en binne 'n ommesientjie was alles uitverkoop. **In plaas van die paar pond wat nodig was vir die ledegeld, is die pragtige bedrag van £50 ingesamel na aftrek van die koste.**

Brandwag Jonck se mooi model-skip met die O.B.-vlag en naam „Amajoeba", is aan die vroue geskenk en verkoop vir £4 4s. Verneem word dat die kommando vir 8 Augustus 'n model-duikboot met die naam „Stormjaer" gaan ontvang!

Asst.-veldk. Gerber van Die Eiland, wat saam met sy eggenote uitstekende werk in hul omgewing doen, het vyf paar jukskeie gemaak wat teen 6/6 per paar verkoop is. Verder was daar 'n pragtige skilderstuk van Brandwag Delaquera.

Die byeenkoms is ook toegespreek deur hoofkomdt. Jan Hurter.

*ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS*

## NET O.B. BRING OFFERS

(Vervolg van bls. 1)

**omdat geen aanklag teen hulle (sy maats) gemaak is nie. Hy was reeds vrygespreek maar hy stel sy vryheid verder in gevaar omdat hy nie sy maats in die steek wil laat nie. Dit is die gees wat vandag onder ons volk vaardig word.**

**„Ek wil u verseker dat u met baie meer radikale dinge besig is as wat u miskien self vermoed," het dr. Van Rensburg verklaar en verwys na die rewolusie wat deur die Ossewabrandwag in ons volk bewerkstellig word.**

„'n Rewolusie is nie 'n saak van moord en doodslag nie. Geweld is maar die uitvloeisel van 'n rewolusie. **Die werklike rewolusie is die ommeswaai wat daar kom in 'n volk se mentaliteit, in sy uitkyk.**

„En ek weet nie van 'n enkele organisasie wat die mentaliteit en lewensuitkyk van ons volk so verander het as die Ossewabrandwag nie. As iemand vyf jaar gelede vir u sou gesê het dat vroue in die koue wag sal staan by 'n kamp, sou u die persoon nie geglo het nie. Die rewolusie is vinnig aan die gang en die Ossewabrandwag is die draer van hierdie rewolusie. Wat u vanaand hier op die bulte van die Rand doen is 'n simptoom van die rewolusie wat aan die gang is.

„As die heil van die Afrikanerdom in 'n rewolusie lê, dan is daar net een organisasie wat hierdie heil van ons volk sal bewerkstellig en dit is die Ossewabrandwag."

Dr. Van Rensburg het voorts die binnelandse politieke toestand behandel en die oortuiging uitgespreek dat die Ossewabrandwag tans op meriete baie sterker staan teenoor sy onmiddellike teenstanders as 'n jaar gelede, die H.N.P.-leiding sowel as die Regering.

### VERKIESING

**„In die broederstryd staan ons baie sterker weens die komende verkiesing en die standpunt van die Ossewabrandwag in verband daarmee. In die aanbod wat ons aan die republikeinse partye gemaak het is daar werklik niks in wat 'n mens nie met oortuiging kan verdedig nie. Ons het uit ons pad gegaan om die aanbod te maak en ons het dit in alle opregtheid gedoen. Vir ons steun vra ons g'n setel, g'n loon, g'n dank nie. Ons vra net 'n geleentheid om teen veldm. Smuts te veg en nie teen mede-Afrikaners nie.**

**„Die aanbod van die Ossewabrandwag is egter doodgeswyg in 'n deel van die pers en ek vrees dit is deur die leiding van die betrokke party van die hand gewys.**

„Ons hande is skoon. Enige eerbare persoon wat die posisie nugter beoordeel sal insien dat die Ossewabrandwag groot opoffering gemaak het. En dit is juis weens hierdie feit dat ons vanaand die oortuiging kan uitspreek dat die Ossewabrandwag tans op meriete baie sterker staan in die oë van die volk," het die Kommandant-generaal gesê.

Die Kommandant-generaal het vervolgens die herindeling en reorganisasie van die Ossewabrandwag behandel en kortliks die uitwerking van die gebiedsindeling verduidelik, veral hoe die posisie van die vrou daardeur geraak word. Hy het daarop gewys dat wat volksorgwerk betref, die vroue in die Ossewabrandawg nou in die geleentheid is om self die aard van hul werk te bepaal.

**Die roeping van die vrou in die Ossewabrandwag is presies dieselfde as haar roeping in die volkslewe. Sy is in die eerste plek moeder of potensiële moeder van 'n gesin en in die tweede plek is sy die persoon wat die meeste betrokke is by sosiale of volksorgwerk.**

Na die Kommandant-generaal sy toespraak beëindig het, het die vroue hom staande „Ons bring hulde!" toegeroep en die begroetingslied „Hou Koers!" toegesing. Na afloop van die vergadering het 'n groep vroue van Cyfersplaas, Klerksdorp 'n pragtige sak-portefeulje, met die O.B.-wapen daarop uitgewerk, aan hom oorhandig

Onder die vroue wat die laertrek bygewoon en na die Kommandant-generaal geluister het was 'n hele aantal wie se mans tans in die Empire se interneringskampe en tronke sit.


# *Vir 'n Suksesvolle Loopbaan*

Studie met behulp van die beproefde lesings van die Helpmekaar Korrespondensie Kollege is die beste en goedkoopste manier om u sukses in die lewe te verseker.

***MEER AS 200 KURSUSSE***

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie Kollege in Suid-Afrika.

Reeds meer as 16,000 Studente het met behulp van ons lesings sukses behaal. Ook U kan dit doen.

**Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede**

Die Besturende Direkteur,
Helpmekaar Korrespondensie Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u Korrespondensie Kursusse.

Ek stel belang in.................................

Naam.................................

Adres.................................

(O.B. 26 Mei 1943).................................

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).
Mede-Direkteure: J. H. Greijbe (voors.), S. N. van Vuuren, P. Joubert, P. J. v. Z. Hattingh, A. C. v. W. Stroh.

# Helpmekaar

**KORRESPONDENSIE KOLLEGE**

**Voortrekkergebou 310, Hoekstraat 16,**

**JOHANNESBURG**

**Posbus 3512 Foon 22-3512**



# VAN ZYL, BOSMAN EN VAN ZYL

**(EDMS.) BPK.**

**Kerksaal-Gebou .·. Voortrekkerweg**



**MAITLAND**



***Boere!!***

***Eindelik die oplossing om stabiele pryse te kry:***

**Stuur u vee aan ons—die firma wat alleen per graad en gewig daeliks bemark**

*Skryf vir besonderhede en permitte.*

*Posbus 22.* *Foon 5-2370.* *Telegramme: GEWIG.*

**MAITLAND.**



***Maak Kennis met die***

# Nuwe Volkspele

**Opgestel deur Hester Morrison**
(MEV. W. VAN HUYSSTEEN)
Met Musiek en Liedjies
(grondgedigte) deur

**M. L. de Villiers**

Komponis van
„Die Stem van Suid-Afrika."

*Hierdie Nuwe Volkspele is met groot sukses uitgevoer by geleentheid van die onlangse Volkspelekursus te Stellenbosch en die Oos-Kaaplandse kursus te Aliwal Noord.*

**Prys 4/3 posvry**

**Bestel by die uitgewers,**
**PRO ECCLESIA-DRUKKERY**
**Posbus 28, Stellenbosch**
**of by u Boekhandelaar.**

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS.**

# Min of Meer Belangrik

### *Mnr. Minnie Kandidaat*

Na berig word is dit omtrent seker dat mnr. J. C. Minnie, L.P.R., as onafhanklike nasionale kandidaat in Beaufort-Wes teen mnr. Eric Louw gaan staan. Soos bekend was mnr. Minnie nog altyd lid van die H.N.P., maar tydens die laaste sitting van die Provinsiale Raad is hy uit die koukus geskop omdat hy nie bereid was om te sê of hy sy steun aan mnr. Louw sal gee nie. Op navraag by die Partykantoor of hy toegelaat sal word om weer vir die Provinsiale Raad te staan, is hom meegedeel dat sy kandidatuur nie goedgekeur sal word nie tensy hy bedank as lid van die Ossewabrandwag.

### *Aanklag teen Vlugtelinge*

Die oortuiging dat ontruimelinge en vlugtelinge uit Oos-Europa verantwoordelik is vir georganiseerde diefstal in ons stede, is verlede week deur die voorsitter van die Kaapstadse Kamer van Koophandel, mnr. G. A. Barnes, uitgespreek. Hy het in 'n personderhoud verklaar dat hierdie groep mense aan wie handelslisensies toegeken is, klaarblyklik skollies huur om by winkels in te breek en goedere te steel wat dan later deur hulle bemark word.

### *Gewapende Roof*

Volgens berig in die pers is drie soldate en 'n matroos voorverlede week in Johannesburg in hegtenis geneem kort nadat hulle, na vermoede, betrokke was by 'n geval waar twee vroue in 'n motor deur gewapende manne bedreig en beroof is. Die vier manne word reeds verbind met drie klagtes van rowery en een van motordiefstal.

Na verklaar word, het hulle die vroue met 'n gesteelde motor ingejaag en met rewolwers gedreig. Later het die polisie hulle gevind en in hegtenis geneem. 'n Vyfde lid van die geselskap het daarin geslaag om te ontkom.

### *Vrees Weerwraak*

Volgens 'n berig in die pers was 'n vlugteling-Jood verantwoordelik vir die onderneming van Brits-Amerikaanse vliegtuie teen twee groot Ruhr-damme in Duitsland as gevolg waarvan duisende huisgesinne tans dakloos is. As weerwraak het die Duitse pers aangedring op maatreëls teen Jode in Europa. Kort daarna het die Britse Ministerie van Lugvaart ontken dat 'n Jood die plan aan die hand gedoen het.

### *Stakings*

In Amerika het weer nuwe stakings in die steenkoolmyne plaasgevind. Toe ons ter perse gegaan het, was die geskil tussen die mynwerkers en die owerheid nog onopgelos.

### *Churchill se Vrees*

Churchill het verlede week voor die Amerikaanse kongres 'n toespraak oor die verloop van die oorlog gehou. Dit het gepaard gegaan met lofliedere op die eie krag en windmakerige voorspellings. 'n Punt van belang in sy toespraak was sy waarskuwing dat 'n gerekte oorlog in die voordeel van die Spil sal wees, m.a.w. dat die tyd tans aan die kant van die Spilmoondhede is, en dat die enigste manier om die oorlog ten gunste van die demokrasieë te laat eindig, 'n spoedige, beslissende militêre oorwinning is. Moontlik vrees Churchill in dié verband veral die toenemende verdeeldheid in Geallieerde kringe.

### *Rugby in Boeregees*

Omdat dit ook 'n weerkaatsing is van die gees van die Ossewabrandwag en die stryd wat hy voer, maak ons hier gewag van 'n geskiedkundige gebeurtenis in die sportwêreld. Op Saterdag, 15 Mei, het daar op Stellenbosch 'n tussen-universiteitswedstryd op die voetbalveld plaasgevind toe studente van die Universiteit Kaapstad in die Boeregees van volharding teen die Maties te velde getrek het onder die naam Groote Schuur. Dit is die naam van die rugbyklub wat gestig is deur Afrikaanse studente van die Kaapse Universiteit wat nie bereid was om vir die Oorlogsfondse van die Britse Empire te speel nie. Weens hul standvastige houding wat ook 'n protes was teen die Britse aanmatiging om alles voor sy oorlogswa in te span, is hierdie studente die reg ontsê om op die voetbalvelde van hul Alma Mater te speel. Vir hul afrigting was hulle toegewys op die vlaktes van Rondebosch. Nogtans het hierdie moedige groep Afrikaners in 'n Voortrekkergees van volharding die koers ingeslaan wat hulle as eerbaar en reg beskou het, en vir hul manlike keuse is hulle beloon met 'n halvering van die louere. Die uitslag van die eerstespanwedstryd was drie punte elk.

Dit het aangenaam aangedoen om vir die eerste maal die verteenwoordigers van die Kaapstadse Universiteit deurgaans in Afrikaans te hoor sing en skerts. Die O.B. bring langs hierdie weg sy hulde aan Fanie van der Spuy en sy staatmakers.

# Oorlogvoerendes se Sorge

Onder die Spilmagte is dit waarskynlik Italië wat op die oomblik die meeste en Japan wat die minste sorge het. As bondgenote egter is die sorge van die een in meerdere of mindere mate ook die sorge van die ander. Vir 'n grootmoondheid was die prestasies van Italië in die huidige oorlog voorwaar nie indrukwekkend nie. Italië is 'n arm land, arm veral aan grondstowwe soos steenkool en olie en daarby beskik hy oor 'n lang kwesbare kuslyn wat na die Geallieerde oorwinning in Noord-Afrika nog kwesbaarder geword het. Dit lê dus voor die hand dat die sorge van Italië legio is en dat hy op die hulp van sy bondgenote aangewese is. Japan aan die ander kant het minder sorge aangesien sy blitsoorwinnings van 1941-1942 hom in besit van ryk grondgebiede gestel het, die terugverowering waarvan een van die vernaamste sorge van die Geallieerdes behoort te wees.

Een van die vernaamste sorge van die Spil lê waarskynlik aan die Russiese front. Die Sowjet-Unie het in hierdie oorlog vriend en vyand verras. Ten spyte van ernstige terugslae en die verlies van waardevolle grondgebied en nywerheidstreke het die Bolsjewiste na twee jare van die allerverskriklikste oorlog nie alleen nie ineengestort nie, maar het hulle selfs hul vyande gevoelige nederlae toegedien.

Dan het die Spil nog ander sorge soos 'n moontlike Geallieerde inval in Wes-Europa, die uitgestrekte besette lande met hulle baie probleme, Geallieerde blokkades en lugaanvalle. Daar is egter een sorg wat die vyande van die Geallieerdes in die oorlog van 1914-1918 geken het en waarvan die Spilmagte vandag tot 'n groot mate bevry is: dit is die sorge oor voedselvoorsiening. In die laaste oorlog het hierdie vraagstuk beslissend op die uitgang van die oorlog gewerk. In die huidige oorlog, met die belangrikste graanskure en aartappellande van Europa en die vernaamste rysvelde van Asië tot hulle beskikking, is dit onwaarskynlik dat sorge om die daaglikse brood vir Duitsland en sy bondgenote so beslissend sal wees as in die vorige oorlog.

SORGE VAN DIE GEALLIEERDES

Ook die Geallieerdes het hulle sorge, die vernaamste waarvan is dat hulle in Europa en Asië soveel belangrike grondgebied verloor het wat eers herower moet word voordat hulle tot die kernlande van die vyande kan deurdring. Die stigting van 'n „tweede front" in Wes-Europa, waarsonder die oorlog in die Weste nie gewen kan word nie, is sonder twyfel een van die vernaamste sorge van die Geallieerdes. Dan is daar verder die ongunstige strategiese ligging van Geallieerde lande, met die uitsondering van Rusland, wat op lang en durabele oorsese buitelinies aangewese is terwyl die vyande oor kortere en veiliger oorlandse binnelinies beskik. Vir die lang verbindingslinies van eersgenoemdes is die duikboot 'n ernstige gevaar. Die kort verbindingslinies van die Spil ken nie 'n dergelike gevaar nie. Likwidering van die duikbootgevaar bly dus een van die vernaamste sorge van die Geallieerdes.

Hoewel die lang en gevaarvolle oorsese verbindingslinies die Geallieerdes se oorlogsvoering en versorging belemmer en die vernaamste bron van Geallieerde sorge is, bestaan daar ook nog baie ander hoofbrekens. Ook onder die Geallieerdes is daar diegene wat kwesbaar is uit die lug en onderhewig is aan die gevare van blokkades en die gevolglike tekorte aan grondstowwe en ander lewensnoodsaaklikhede. Dan kom daar nog die sorge oor die gebrek aan bondgenootskaplike broederlikheid tussen Russe en Pole, tussen Franse in Londen en Franse in Noord-Afrika, tussen Jode en Arabiere, tussen ekonomiese en imperiale belange van Washington en Londen en tussen die ideologie van Moskou en dié van Amerika en Brittanje.

By die Geallieerdes soos by die Spil is daar state wat minder sorge het as andere. Die Verenigde State van Amerika b.v. het weens sy geografiese ligging minder sorge as die Sowjet-Unie of Tsjoengking-China. Veral laasgenoemde land, weens die sluiting van die Birma-pad, moet vandag baie sorge hê. Elke oorlogvoerende land het dus sy eie sorge. Op die oomblik is dit b.v. veral Italië se sorge waar die Geallieerde troepe in Noord-Afrika hulle volgende aanval gaan doen en dit is die Geallieerdes se sorge waar en wanneer hierdie troepe aangewend sal word. Sal 'n aanval op die Italiaanse eiland-basisse gemaak word?


VOLKSKAS

GEE: 3½% Rente op Vaste Deposito's vir twee jaar.

3% Rente op Vaste Deposito's vir 12 maande.

2½% Rente op Beleggingsertifikate — opvorderbaar met 3 maande kennisgewing.

2% Rente op Spaarrekeninge.

Volkskas (Koöp.) Bpk.

(Opgerig kragtens die Koöperatiewe Wet)

Hoofkantoor:

Volkskas-gebou, Sentraalstraat,

PRETORIA.

Die Volk se Bank.

116 Takke 44,000 Lede — AVBOB — Reserwe fonds £113.00'

Hoofkantoor:

St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN

Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene

Ten spyte

van omstandighede, kry u nog steeds 'n besondere deftige verskeidenheid

Damesuitrusting

by

Steyns

PAROW

DIE MODERNE DAMES-MODISTE

L.W.—Ons is elke Woensdag gesluit.

MARKAGENTSKAP

Vroeë Môre-Mark

KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

MINNAAR & VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.

Voeg DIE DAAD by DIE WOORD

Rook

Piet Retief

Somers-

PAKKE



HIERDIE seisoen sal u behoefte hê aan 'n deftige Somerspak. Waarom tweekeer soveel betaal vir 'n Snyerspak as ons u een aanbied teen slegs

£6-17-6

Die pakke is netjies afgewerk en die kwaliteit is van die beste. Verkrygbaar in Dubbel- en Enkelbors.

Silwerpleet Sigaretdose met die kaart van Suid-Afrika waarop die Voortrekkerpad aangedui word. 'n Pragtige geskenk; slegs 10/6 elk.

Uniewinkels

(Ko-operatief) Beperk

Geregistreer onder Wet No. 28 van 1922.

Posbus 909, PRETORIA.

# Omgeswaai!

„Dit het eenmaal gebeur. En dit sal weer gebeur, want 'n party is besorgd oor die aantal stemme wat hy kry, en nie oor die ideaal van 'n volk nie." So het ons in ons uitgawe van 12 Augustus verlede jaar geskryf in 'n artikel waarin aangetoon word hoe die ou Nasionale Party wat in 1919 die toppunt van sy republikeinse strewe bereik het by die stuur van 'n vryheidsdeputasie na Europa, op 9 Desember 1920 daardie vryheidsideaal op die lange baan geskuif het **in die aangesig van 'n naderende verkiesing.** Op daardie dag het die republikeinsgesinde Nasionale Party 'n manifes met die volgende inhoud uitgevaardig: „Soos genl. Smuts in sy toespraak in Pretoria op 3 Desember erken het, is die ideaal van die N.P. soewereine onafhanklikheid op die regte tyd. **Daar nou die regte tyd na ons oordeel nog nie daar is nie,** so het die N.P. die reg om, sonder die minste afstand te doen van haar strewing na vryheid, **te sê dat sy die kwessie nie by die eerskomende eleksie tot stemming wens te bring nie . . . Sy gaan by hierdie eleksies geen beroep doen op die volk vir magtiging tot 'n republiek nie."**

Die volk wat deur die partyleiers tot op 9 Desember 1920 vuurrooi aangeblaas is in sy vryheidstrewe, is op daardie dag plotseling gevra om in die verkiesing maar net te stem oor ekonomiese vraagstukke en nie oor die vryheid nie. Die proses van ontbinding het sy konsekwente loop gehad en twee jaar later in 1922 het die leiers die op die lange baan-geskuifde republiek self **openlik verloën** as partybeleid: „Republikanisme is nooit as partybeginsel aanvaar geword deur enige Nasionale Partykongres nie," so het dr. Malan afstand gedoen van die vryheidsideaal; en in 1927 is daar selfs lofliedere aangehef op die Britse vryheid!

**UITSPRAAK**

Ons het voorspel dat dit weer sal gebeur, maar ons het self nie geglo dat daardie voorspelling binne 'n enkele jaar bewaarheid sou word nie. Ons volk staan weer op die vooraand van 'n verkiesing. In die parlement en van openbare verhoë af het politici beduie dat die volk nooit die geleentheid gehad het om hom oor Suid-Afrika se deelname aan die oorlog uit te spreek nie. Dit is Smuts ten laste gelê dat hy oorlogvoer teen die wil van die volk. **Die Ossewabrandwag het hierdie standpunt ook onderskryf, en toe dit begin lyk of daar wel 'n verkiesing ná vier jaar se oorlog gehou sou word, het hy aan die hand gedoen dat die volk verenigd na die stembus gaan om uitspraak teen die oorlog te gee ten einde ons voor die oë van die hele wêreld te regverdig.** Drie van die republikeinse groepe het die aanbod van die Ossewabrandwag aanvaar, maar die vierde, die H.N.P., het dit stilswygend van die hand gewys.

Dit was nie vir ons duidelik waarom die H.N.P.-leiding onwillig was om saam te werk in 'n anti-oorlogsfront nie. Ons het gemeen om daarin te ontdek die bedoeling om alle ander republikeinse groepe teen alle prys te vernietig sodat dr. Malan alleen sal oorbly as leier van 'n verskeurde volk. Die verkiesing, so het ons gesê, sal gebruik word nie om die volk te laat wen nie, **maar om die leier van die H.N.P. as die enigste alternatiewe regeringshoof te laat oorbly,** al is dit in 'n verswakte toestand.

Ná dr. Malan se jongste verklaring oor die verkiesingsbeleid van sy party, het dit duideliker geword wat die rede was vir dr. Malan se weiering van die Ossewabrandwag se aanbod. Soos in 'n berig elders in die uitgawe uiteengesit, het die H.N.P.-leiding nou totaal van beleid verander.

**Die volk sal nie meer gevra word om hom oor die oorlog as sodanig uit te spreek nie,** maar om te kies tussen die ekonomiese beleid van Smuts, die ekonomiese beleid van dr. Malan en die ekonomiese beleid van enige ander groep wat na vore mag kom **en veral met die oog op die „erste jare NA DIE OORLOG"!**

**Dr. Malan was dus nie bereid om in 'n anti-oorlogsfront saam te trek nie, omdat hy nie meer 'n anti-oorlogsbeleid het nie!** Sy beleid is net 'n gewysigde oorlogvoering. In plaas van troepe oor see te stuur, wil hy hulle nie verder stuur as die suidelike grens van Midde-Afrika nie. In sy eie woorde lui dit sover as die grense „wat deur die Verdedigingswet bepaal word"; **en ons weet almal dat die Verdedigingswet se grense vir Suid-Afrika nie saamval met die Unie se grense nie. Dit gaan baie verder en sluit gebiede in ander dele van die Empire in.**

**OORLOGSPARTY**

**Die naderende verkiesing het die H.N.P. binne enkele oomblikke laat verander van 'n republikeinse anti-oorlogsparty tot 'n nie-republikeinse oorlogsparty.** Daar is sover dit die oorlog betref, nou nog net 'n graadverskil tussen dr. Malan en genl. Smuts, dog geen beginselverskil meer nie. **Dr. Malan, die man wat kort gelede nog vurige pleidooie gelewer het vir die Unie se neutraliteit, word nou uiters verontwaardig as gesê word dat hy vir neutraliteit staan.** Maar as hy nie vir neutraliteit **(ten minste in beginsel)** staan nie, staan hy vir oorlog, en dan is sy party 'n oorlogsparty. In praktyk is die verskil tussen dr. Malan en genl. Smuts nou ongeveer wat die verskil tussen Roosevelt en Wendell Wilkie in die Amerikaanse presidentsverkiesing was. Albei was teen Duitsland en ten gunste van die oorlog, maar hulle het verskil oor hoe daardie beleid toegepas moet word. Die een wou verder gaan as die ander. Dieselfde toestand het ons nou in Suid-Afrika: Die volk moet kies tussen twee partye wat albei 'n oorlogsbeleid voorstaan, **die een net minder kras as die ander.** En omdat die volk moeilik kan kies tussen die twee oorlogsbeleide, word hy liefs gevra om te kies tussen die **na-oorlogse** beleid van die twee mededingende partye! Sover dit die H.N.P. betref, is die kwessie van 'n republiek en ons deelname aan die oorlog sake waaroor die volk by die stembus op 7 Julie nie hoef te dink nie. Van die volk word verwag om hoofsaaklik te dink aan die heropbou in die „eerste jare na die oorlog."

**IMMUUN TEEN EENHEID**

**Uitspraak oor ons deelname aan die oorlog is vir goed van die baan. Uitspraak oor die vraagstuk van 'n republiek, is vir minstens vyf jaar op die lange baan, maar die geskiedenis van 1920 en daarna het geleer dat dit die eerste strofe is in die loflied op die Empire.**

Sover dit die H.N.P. betref, is die aanstaande verkiesing maar net so 'n gewone partyverkiesing soos dié van 1920, 1921, 1924, 1929, 1933 en nog doodgewoner as dié van 1938, want toe het die republikanisme darem 'n plank van die verkiesingsprogram uitgemaak!

Die merkwaardige van die hele gebeurtenis is net dat die H.N.P. met behulp van 'n **„Republikeinse Strydfonds"** die volk na die stembus sal bring om te stem vir die na-oorlogse heropbou van 'n Britse Dominium!

**Deur hierdie ommeswaai het dr. Malan nou doodseker gemaak dat elke stukkie gemeenskaplike grondslag wat daar bestaan het om die republikeinse Afrikanerdom saam te snoer, vernietig is. Hy het daarin geslaag om homself immuun te maak teen samewerking!** Want waar ons en almal tot tien dae gelede nog kon pleit dat ons eens is oor die vraagstuk van 'n republiek en die oorlog, en daarom 'n eenheidsfront moet stig, het hierdie gemeenskaplikheid nou verval. **Dr. Malan maak van die verkiesing nou 'n strenge keuse tussen J. C. Smuts as regeerder of D. F. Malan as regeerder. En hiermee is die weg oopgestel vir elke persoon in die Unie om aan die stryd tussen PERSONE deel te neem. Groot lewensbeginsels en strydvrae is opsygeskuif en die volk word gevra om te kies suiwer en alleen tussen persone. En wat 'n keuse in 'n tyd soos hierdie!**

# Getorpedeer

Waar die amptelike nominasie vir die oorlogsverkiesing oor veertien dae plaasvind en die Afrikanerdom se geleentheid om 'n verenigde front teen die oorlog en die Empire vervloë blyk te wees, is dit nodig dat ons net helderheid bring op 'n paar punte waaroor daar na die verkiesing waarskynlik veel gesê sal word.

Indien daar ooit 'n geleentheid was vir die Afrikanerdom om te verenig in hul stryd op lewe en dood, was dit met hierdie verkiesing. **Daar was twee allesbeheersende grondslae waarop elke Afrikaner wat nie 'n ingeskrewe volgeling van Smuts was nie, mekaar kon ontmoet. Hierdie grondslae was die vryheid van ons volk en die oorlog.** Die H.N.P., die Afrikanerparty, die Nuwe Orde en die Ossewabrandwag as die vier grootste politieke groepe, was op hierdie punte **volkome eens.** Al vier het hulle beywer vir die vryheid en al vier was teen ons land se deelname aan die oorlog.

**Watter ander partypolitieke strydvraag sedert die ondergang van die Boererepublieke kan in belangrikheid teen hierdie twee punte opweeg? Ons daag die hele skool beroepspolitici om een enkele vraagstuk in die huidige omstandighede te noem wat gewigvoller is as hierdie twee vraagstukke.** Hierdie twee strydpunte is sedert die uitbreek van die oorlog beurtelings deur die nasionale opposisie in die parlement as die HOOF-onderwerpe by elke sitting ter bespreking gebring.

Net so dwaas as wat dit is om republikeine nou uitmekaar te skop oor redenasies van hoe die politieke struktuur van die Republiek eendag daar sal uitsien, of dit vir 88 persent dan wel vir 100 pst. nasionaal-sosialisties moet wees, net so kortsigtig sou dit wees om nou, op die oomblik wanneer die bestaan van volke, en ook ons volk, in die weegskaal hang, te gaan twis oor hoe ons die land ná die oorlog weer gaan opbou. **Al hierdie dinge is afhanklik van die voortbestaan van ons volk, en sy oorlewing van die huidige wêreldbotsing.**

**O.B. SE AANBOD**

Die Ossewabrandwag het daarom na vore getree met 'n voorstel dat ons volk van hierdie een geleentheid wat hom gegee word, gebruik moet maak om sy toekoms te verseker. **Waar die bestaan of ondergang van ons volk van die oorlog afhang, laat ons alle ander dinge vergeet en die volk op hierdie grondslag van vryheid en oorlog saamsnoer in 'n verenigde front. Laat ons soos een man gaan stem teen die oorlog en vir die Republiek, so het ons voorstel gelui.** Op hierdie twee punte is ons almal eens en dit sal 'n misdaad wees as iemand hierdie front gaan verongeluk met ondergeskikte twispunte van die onsekere verre toekoms.

As sy bydrae tot die eenheidsfront onderneem die Ossewabrandwag om vir homself NIKS te vra nie en om sy HELE organisasie in diens te stel van die volkskandidate. **Met sy eie geld en sy eie organisasie sou hy vir dr. Malan kiesers na die stembus aangery het dwarsdeur die land. Wat 'n aanbod!** Hoe sou Smuts nie daarna gegryp het nie — Smuts wat kort daarna agttien setels moes prysgee vir die steun van twee klein partytjies met die gevolg dat een van sy ondersteuners in die parlement al dadelik sy party bedank het — een van dié wie se setels afgegee is!

**En dr. Malan? HY BEDANK DAARVOOR sonder om eens te sê „nee dankie!"**

Twee ander groepe vereenselwig hulle met hierdie onbaatsugtige aanbod. **Die Nuwe Orde gaan sover om te sê dat hulle die SESTIEN setels wat hulle het present sal gee aan dr. Malan as hy maar net wil saamwerk.** Adv. Pirow het darem 'n versigtige „dankie" vir sy bydrae gekry, maar die Afrikanervolk niks. **Dit het dr. Malan nog nie beweeg om die hand van broederskap te vat nie.**

Mnr. Havenga het daarop sy bydrae aangebied in 'n poging om dr. Malan tot samewerking te beweeg. **Hy onderneem om GEEN ENKELE setel te betwis nie behalwe die AGT wat op die oomblik in sy party se besit is. Dr. Malan hoef NIKS van sy kant af te gee nie.**

**Wat 'n aanbod!** Hoe moes Smuts nie gewatertand het nie! **Dr. Malan kon volkseenheid, nee in terme van sy eie gedagtegang, hy kon die steun van ALLE republikeine verkry het in die verkiesing as hy maar net gesê het „goed" — dit was nie eens vir hom nodig om „dankie" daarby te sê nie.**

**EN NOG WEIER HY!**

**Maar hy weier nie net nie, hy STEEK DIT VIR SY VOLGELINGE WEG dat daar so 'n aanbod van steun aan hom gemaak is! Nie een van sy koerante het 'n woord geplaas van die herhaalde skriftelike en openbare aanbiedinge van die Ossewabrandwag nie, selfs al was dit in die hande van hul verlaggewers gedruk!** Waarom nie? Wat was dr. Malan se bedoeling om hierdie feit vir sy volgelinge weg te steek? Waarom moes sy volgelinge in die duister gehou word oor hierdie allerbelangrikste poging tot eenheid?

**OMDAT HIERDIE AANBOD SO FOUTLOOS EN BILLIK EN NOODSAAKLIK WAS DAT HY NIE KANS GESIEN HET OM DIT VOOR DIE OË VAN DIE VOLK TE WEIER NIE.** Hy kon dit alleen weier as die **volk daaromtrent in onkunde gehou word. Die volk sou nooit toegelaat het dat hierdie kans om homself te red, verlore moes raak nie. Maar DIT HET VERLORE GERAAK omdat dr. Malan geweier het om daarvan gebruik te maak. Een man het in die pad van die Afrikaner se eenheid en voortbestaan gestaan, en daardie man is D. F. Malan. Hy het hom doof gehou vir alle smekinge en alle beroepe van die ander drie leiers van die volk.**

Die ondersteuning wat hom op 'n skinkbord aangebied is deur die hele **republikeinse Afrikanerdom,** het hy van die hand gewys. **En tans doen hy 'n beroep op die oorlogsgesinde publiek om hom by die aanstaande verkiesing aan bewind te bring, en vir hierdie vreemde hulp is hy bereid om te betaal uit die sak van die volk. Sy prys vir hul stemme is dat hy onderneem om nie uit die oorlog te tree nie, en om oorlog te voer binne die grense van die Unie. En as hierdie prys te gering is, dan is hy bereid om 'n versekering te gee dat hy ook buite die Unie se grense sal gaan veg „indien nodig"!**

**Die gratis aanbod van die republikeine het dr. Malan van die hand gewys. Vir die steun van die Engelse is hy bereid om die oorlog vir Engeland voort te sit „soos veldm. Smuts op 4 Sept. onderneem het om dit te doen"!** So lui sy versekering aan hulle.




# Gees van Sosiale Wagterskap Binne Ossewabrandwag die Redding

## Dr. P. J. Meyer oor Magteloosheid van Bestaande Arbeidsorganisasies

**„Die Ossewabrandwag wil die kapitalistiese stelsel tot op sy fondamente afbreek om in die plek daarvan 'n nuwe struktuur te bou waarin elkeen gelukkig, gesond en al singende kan arbei tot die laaste asemtog toe." Aldus dr. P. J. Meyer, Voorligtingshoof van die Ossewabrandwag, toe hy op 8 Mei 'n groot Republikeinse vergadering op die Louis Trichardtplein, Pretoria, toegespreek het.**

Dr. Meyer het daarop gewys hoe die belange van die arbeider telkens in die steek gelaat is binne die partypolitieke stelsel, selfs deur sy eie organisasies, en het daarteenoor gestel die gees van sosiale wagterskap wat binne die Ossewabrandwag aangewakker word en waarvan die Noodhulp-werksaamhede 'n sprekende bewys lewer.

In seker geen land ter wêreld toon die heersende arbeidstoestande 'n meer troostelose en verwarde beeld as juis in ons land nie.

Vanweë ons partypolitieke instelling is ons geneig om die algemene toestand in ons land alleen vanuit die nasionale oogpunt te benader en om dan die sosiale aspek daarvan ondergeskik te stel as iets sekondêrs, as iets bykomstigs en selfs as iets wat eintlik maar net met 'n skouerophaling — wanneer die parlementsverkiesing verby is — uit die werklikheid verban moet word.

As ons egter die arbeidstoestande in ons land vanuit 'n simpatieke sosiale oogpunt benader en ons vereenselwig met die bestaande arbeidsaangeleenthede, kom ons onder die indruk van die skreiende onreg wat deur die arbeidsorganisasies en ook deur ons as Afrikaners as gevolg van ons enge partypolitieke strewe van die verlede teenoor die arbeider (in die gewone sin van die woord) in ons land gepleeg het.

**Van die arbeider verdien ook ons as nasionale Afrikanerdom geen minder verwyt dan: „julle het ons skandelik in die steek gelaat. Al wat ons van julle ontvang het was niks meer as krummels en ydele beloftes nie. Met sentimentele nasionale preke, met onderstandswerke en 'n Departement van Volkswelsyn, met aalmoese en al het julle toegelaat en selfs bevorder dat ons sosiaal-ekonomiese lewenstoestande steeds meer en meer verswak het".**

Dr. Meyer het voorts 'n ontleding gegee van die bestaande organisasies en partye wat na die belange van die arbeider moet omsien. Eerstens is daar die Vakbondbeweging wat hier in die hande van 'n klein groepie ingevoerde vakbondleiers as 'n soort van dreig- en soebatorganisasie, sonder besieling en sonder krag, binne die heersende kapitalistiese struktuur voortgesukkel en krummels vergader het. Dan is daar die Arbeidersparty wat die arbeidsgemeenskap se belange weens opportunistiese politiek aan die gevestigde kapitalistiese belange opgeoffer het.

„Van 'n werklike sosialistiese struktuur, waarin die arbeider lewensruimte kon vind, het niks tereg gekom nie. Ook nou is die bereiking van die doeleindes van 'n kapitalistiese oorlogsvoering vir die Arbeidersparty van groter belang as die vestiging van 'n sosialistiese ekonomiese struktuur."

### YDELE BELOFTES

**Spreker waarsku die werkers teen die mooi beloftes van „social securtiy" wat elke derderangse politikus vandag uitbasuin sodra sy mond oopgaan.**

**„Na hierdie oorlogsvoering vir die behoud van kapitalistiese belange sal die werkersparadys — bestaande uit verpligte staats-„charity" in plaas van vrywillige gemeenskaps-„charity" — glo aanbreek! Wat 'n klug! „Social Security" — maatskaplike beveiliging — waarvan die afgeleë parlementsitting oorgeloop het, is niks anders as goedkoop beloftes van verpligte staatsaalmoese binne die raamwerk van 'n uitbuitende kapitalisme nie, met hier en daar 'n uitwas minder."** En daarmee is die Arbeidersparty tevrede. Hulle kry immers 'n paar setels daarvoor meer in ontvangs!"

Die tweede politieke party wat die vakbondbeweging vir sy eie doel probeer gebruik, is die Kommunistiese Party en sy jongste geesverwant, die Onafhanklike Arbeidersparty van Solly Sacks. Hul eintlike aanknopingspunt is die naturelle-vakbonde sowel as daardie vakbonde wat geen kleurlyn erken nie. **Hulle wil maar net die staat kapitalis maak en hierdie staat vir 'n paar bevoorregte politici, gewoonlik vreemde uitbuiters, reserveer. Die belange van die arbeiders word dan doodeenvoudig behartig deur hulle slawe van die staat te maak!**

'n Derde politieke groep wat ernstig vry na die arbeidsgemeenskap is die verteenwoordigers van die gevestigde kapitalistiese belange — in ons land die United en Dominion Parties. Terwille van die bloedoffers van die arbeidsgemeenskap in belang van hul kapitalistiese selfhandhawing is hulle maar te gewillig om 'n bietjie ekstra pennies, 'n paar meer setels en mooi beloftes aan die arbeider te skenk — watter groothartigheid! **Intussen vermeerder die getal kapitaliste wat 'n inkomste van meer as £20,000 per jaar het, van 10 in 1938 tot 99 in 1941. Dit is 'n voorsmaak van wat die komende „Social Security" vir die kapitalis sal beteken, 'n voorsmaak van die resultaat van die onheilige bondgenootskap tussen kapitalis en arbeider in 'n sogenaamde demokratiese stelsel van vryheid, gelykheid en broederskap!**

En wat het die Afrikaans-nasionale partypolitiek vir die arbeiderdom gebring? Onderstandswerke, 'n Departement van Volkswelsyn, nasionale sedepreke en beloftes van hervorming! — **die kapitalistiese struktuur het immers bly voortbestaan.**

**Hervorming van die kapitalisme deur 'n demokratiese partyregering — hoe eerlik ook al die bedoelings — beteken handhawing van die kapitalistiese stelsel met 'n bietjie groter elmboogruimte vir die sogenaamde arbeidsmassa. Die ontwikkeling van 'n eie Afrikaanse kapitalisme het dan ook nie agterweë gebly nie. Die Afrikaanse kapitalis is net 'n bietjie ouliker as die vreemde kapitalis — hy skree saam teen die stelsel terwyl hy hom in al sy dade daarby invoeg!**

Dr. Meyer het voorts gewys op die Springbok-legioen, nl. die vakbond van arbeiders wat tans in die leër is. In plaas van om 'n eie konstruktiewe sosiaal-ekonomiese program uit te werk en te verwesenlik, verneem ons ook by die Springbok-legioen ou afgesaagde frases waarvan die ou vakbondbeweging geleef en waarvan dit begin sterf het. In plaas van werklike „fighting talk" verneem ons tot vervelens toe verdedigingsfrases in belang van die Jood, kapitalis nommer een in Suid-Afrika.

### OSSEWABRANDWAG

Teenoor hierdie troostelose toestand vir die arbeidsgemeenskap in ons land het dr. Meyer vervolgens die sosiale gesindheid van die Ossewabrandwag ten opsigte van die arbeid en die arbeider gestel, die gees van sosiale wagterskap.

**Die Ossewabrandwag, wat juis uit die arbeidsgemeenskap van ons volk gebore is, wil sorg dat een volksgenoot die ander se broer is, dat die een die ander help. Hy verkies 'n volksosialistiese rigting bo 'n staatsosialistiese rigting. Ons moet mekaar help i.p.v. op die staat te vertrou.** Hierdie nuwe gees en rigting van die O.B. word reeds treffend geopenbaar in sy Noodhulp. Ons vra nie die staat om ons volksgenote te help nie, ons doen dit self! Van die volkstaat verwag ons net beskerming vir ons gemeenskapsgesindheid en dade.

**In die middelpunt van die nuwe sosiale struktuur waarvoor die O.B. veg, staan die arbeidende gemeenskap met sy behoeftes, mense met siele, en nie die ruilwaarde van handelsartikels nie. Daarom sal die O.B. hom in die eerste plaas toespits op die voorsiening in die elementêre behoeftes van die volk, t.w. voeding, kleding en behuising.**

Teenoor die kapitalistiese begrip van arbeider as 'n handwerker verkondig die O.B. die nuwe gedagte dat elkeen wat werk verrig, al is dit watter soort werk, 'n arbeider is. Die professor is vir ons net so 'n arbeider as die padwerker. Arbeid is 'n bedrywigheid, verstandelik of liggaamlik. Die arbeidsverrigter leef homself in sy arbeid uit. **Die O.B. streef na een groot en magtige arbeidsgemeenskap wat almal bedrywig en gelukkig is in diens van die volk.**

„Wat ons betref is die O.B. reeds aan bewind en leef ons hierdie gees van sosiale wagterskap reeds elke dag uit, en is ons besig om 'n arbeidslus by ons volk te kweek," het dr. Meyer onder groot toejuiging besluit.—(Tvlse Kor.)

# Spinkursus in Bloemfontein met Groot Geesdrif Geopen

## Tientalle Aansoeke van Hand Gewys

**Die spinkursus wat deur die Vrystaatse Gebiedsvroueraad van die Ossewabrandwag gereël is, het Dinsdagaand, 11 Mei, in die ou Stadsaal in Bloemfontein 'n aanvang geneem. Die kursus is bygewoon deur 121 dames uit die hele Provinsie, sowel as 4 verteenwoordigsters uit die ander Provinsies.**

Ds. P. Boshoff wat met skriflesing en 'n kragtige gebed die kursus geopen het, het die dames toegespreek en o.a. gesê dat ons dankbaar is vir 'n beweging soos die O.B., wat nie dink aan eie roem of eer nie, maar wat alleen die heil en welsyn van sy volk soek. Die O.B. word miskien dikwels misverstaan, maar daar was nog nooit 'n beweging wat nie vir homself nie, maar vir sy volk werk, wat nie misverstaan is nie. As ons sonder foute verag word, dan is dit 'n eer. Daarom as mense van ons kwaadspreek, laat ons weet dat hulle Hom, wat fouteloos was en bo almal van ons staan, ook verag het.

Nadat die voorsitster, hoofkomdte. mev. H. C. van der Merwe, genle. mev. C. Meyer, en genle. mev. Steenkamp van Natal welkom geheet het, stel sy die Gebiedsgeneraal, genl. J. F. van der Merwe, aan die woord. Hy het gesê, dat dit ook sy aangename taak is om namens genl. Schmidt wat siek is, 'n woordjie van welkom te rig namens die Bloemfonteinse generaalskap. Vervolgens het genl. Van der Merwe gesê: „Ons wil die dames van ander provinsies en almal hier baie hartlik verwelkom in die Vrystaat. Ek behoort eintlik nie meer van die Vrystaat te praat nie, omdat ons die provinsiale grense gaan uitsny, en Suid-Afrika in gebiede gaan indeel, volgens die aard van die bedryf en volgens die gewoontes van die mense in daardie gebiede, — die gebiede soos God die land gemaak het en nie soos die mense dit gemaak het nie. **Ons gaan die mense bymekaar snoer wat pas bymekaar, soos b.v. die nywerheidsdele van die Rand en Pretoria, en die mielieproduserende dele bymekaar, sodat hulle wie se lewenswyse en belange dieselfde is, bymekaar is. Dan kry ons die gebiede waar met beeste en skape geboer word en waar wynbou die hoofrol speel, en so word die Unie dan in sy natuurlike gebiede ingedeel, in plaas van vier provinsies — die kunsmatige skeidingslyne.**

**(Vervolg op bls. 6)**





EM Bepk.

AFRIKANERSAKE gaan van krag tot krag. Die jongste volksprestasie is dié van Excelsior Meubels, wat vinnig die mark verower met meubels vervaardig deur Afrikaners, bemark deur en vir die gebruik van Afrikaners.

DRA u deel by in hierdie grootste strewe na selfstandigheid in die meubelwêreld. Koop u meubels by Excelsior en deel in die winste deur self 'n aandeelhouer te word. Excelsior Meubels besit reeds twee Fabrieke en vier takwinkels onder dié naam in Johannesburg, Pretoria, Germiston en Bloemfontein asook Goodwood Meubileerders (Edms.) Bpk. van Pretoria en L. D. Phillips (Edms.) Bpk. van Kaapstad wat onder hul name voortbestaan.

'n Kunsbrosjure sal gratis aan u gestuur word indien u meer wil weet van ons prestasies, doel en dienste.

Die Sekretaris,

EXCELSIOR MEUBELS BEPERK,

Posbus 6670 JOHANNESBURG Spoorbondkasgebou

Stuur u brosjure aan: M.........................................

.........................................................................

OB 1 .........................................................................

## SPINKURSUS IN BLOEMFONTEIN

(Vervolg van bls. 5)

ROEPING

,,God het 'n doel met ons. Waarom anders is die Boerevolk in hierdie land en toestande gebring? Waarom het God dit gedoen as dit nie is dat Hy 'n spesiale roeping vir ons volk het nie? **Laat hierdie organisasie dan die eerste beweging wees in die rat van die masjinerie wat ons staatsmasjinerie gaan uitmaak, wat alles gaan verander wat nie sy eie is nie en die reg gee aan die erfkind van Suid-Afrika — die gebore Afrikaner.''**

Die Vroue-hoof van die Vrystaat, mev. C. Meyer, het gesê: die gedagte was eers om 'n vrouekamp te hou, maar aangesien wol skaars is, is gevoel dat 'n spinkursus van meer praktiese waarde sou wees. **Die vroue wat hier leer spin, gaan in hulle eie afdelings spinklasse reël en binne 'n paar maande sal die hele Vrystaat se vroue hul eie wol kan spin.**

,,Daar het talle aansoeke gekom van ander Provinsies en as almal toegestaan moes word, sou hier meer as die helfte meer mense gewees het, maar ons het besluit om nie te groot te begin nie.''

Genle. Meyer het almal wat so mooi meegewerk het om die kursus 'n sukses te maak, baie hartlik bedank, veral die Hoofkwartier-staf, plaaslike kommando's, Huisvlytraad en alle Afrikaners wat die dames kosteloos huisves.

## OSSEWABRANDWAG-DAG

### Oproep vir 8 Augustus

8 Augustus nader. Vir die eerste keer sal dit die benaming dra van Ossewabrandwag-dag soos amptelik deur ons Leier en Kommandant-generaal vasgestel.

Deur die geloof van die vrou in die ideale van die Ossewabrandwag, het 8 Augustus tot standgekom. Die Grootraad in dankbare erkenning teenoor haar, het die dag tot 'n blywende feesdag ingestel om gewy te word aan ons Volksbeweging. Hoe groter die vertroue in die vrou, deste groter haar verantwoordelikheid. Daarom rus op elke vrou en Brandwag die grootse plig om die toevertroude taak ywerig aan te pak en geslaagd te volbring. Ons Leier het gesê dat die Ossewabrndwag die laaste bolwerk is van die Afrikanerdom. Ons sien sy woorde daagliks bewaarheid. Sy leer staan in die bresse teen die toenemende gevaar van kommunisme, teen die verkaffering van Afrika, as waarborg dat elk van ons manne heer van sy plaas sal bly, ons kinders nie knegte in hulle vaderland sal wees nie.

Daarom moet en sal die vrou toesien dat Ossewabrandwag-dag bly 'n dag van dankoffers blymoediglik gegee, 'n dag van innerlike versterking van 'n volk wat kampe en tronke trotseer, wat sy vryheid seëvierend tegemoetgaan.

Kom vroue, laat ons aan die werk gaan soos net 'n vrou kan in wie se hart die vuur van trou en liefde vir huis en volk brand, besield met die gees van die Ossewabrandwag —

So staan ons vasberade
en gee mekaar die hand
in die Ossewabrandwag
vir die vryheid van ons land!

(Genle.) J. S. du Toit,
Hoof-vroue-offisier Wes-Kaapland.

DE KOCK se GARAGES

MIDDELBURG, Transvaal. GROBLERSDAL Transvaal.

Eienaar: D. D. DE KOCK

TOT U DIENS!

V.M.K. AANBEVEEL.

## VERJAARDAGKETTING

**27 Mei:** Hildegarde Müller (Johannesburg); **28 Mei:** Martha Goosen (Tiervlei), Joey Maritz (Sutherland), Willie Jooste (Hauptrust, Tvl); **30 Mei:** Theunis Theron (Merweville), Maria de Kock (Komgha); **1 Junie:** Petronella Henning (Kakamas), Junith Olivier (Beaufort-Wes), Bennett Gouws (Port Elizabeth), Maria von Emmenis (Potgietersrust); **2 Junie:** Joyce van der Merwe (Carnarvon), Maria Bothma (Beaufort-Wes), Catherina Marais (Port Elizabeth).

## GEBRUIK PETROLGELD VIR INTEKENING

Weens vervoermoeilikhede word dit vir offisiere steeds onmoontliker om intensief te organiseer. Voorheen kon hulle hul afdelings deurreis het om propaganda vir ons Beweging te maak, en baie geld is hieraan bestee. Waar hulle nou verplig is om hul reise te besnoei, bring dit mee dat hulle minder geld uitgee vir organisasie. **Hierdie geld kan baie nuttig aangewend word vir die propagering van ons ideale deur dit te gebruik vir intekening op ons blad.** Offisiere behoort te sorg dat Die O.B. deur alle lede gelees word, maar dit is noodsaaklik om die blad ook onder die aandag te bring van nie-lede. Met die geld wat voorheen vir organisering gebruik is, kan offisiere nou inteken vir mense onder wie se aandag hulle graag ons beleid wil bring. Baie goeie vrugte is op hierdie wyse in verskeie plekke afgewerp.

## STUUR BERIGTE

Verskeie kommando's het korrespondente aangewys om aan Die O.B. verslag te doen van bedrywighede in Ossewabrandwag-geledere. Ons wil graag groter publisiteit verleen aan die werk en stryd binne die kommando's, sodat daar 'n beter weerspieëling van die Ossewabrandwag se bedrywigheid in die algemeen in ons blad gegee kan word. Totnogtoe moes ingesonde stukke dikwels baie vertraag word weens gebrek aan plaasruimte. Ons blad word egter nou op 'n nuwe grondslag geplaas waardeur ons groter ruimte sal kan afstaan aan kommandobedrywigheid. Alle kommandante word dus versoek om persone aan te wys wat gereeld kort en saaklike berigte aan ons sal stuur van alle bedrywighede en prestasies van die kommando-eenhede.

### *Vriendskapsentrum Ywerig Op Sutherland*

Die Vriendskapsentrum van Sutherland het £5 gestuur vir die genl. Schoeman-fonds vir geïnterneerdes, bestaande uit spesiale bydrae wat deur hulle ingesamel is. Die sentrum werk baie vlytig en samel gedurig geld in by wyse van raaikompetisies, opveilings, ens.

### *Oë Gaan Oop*

Op 8 Mei het die kommando van Wolseley onder leiding van komdt. D. A. Viljoen vergader. Hulle is toegespreek deur hoofkomdt. J. de Vos van die hoofkwartier. Daar was 'n goeie opkoms en leidende persone daar het verklaar dat die oë van baie Afrikaners in die omgewing begin oopgaan vir die idee van die Volksbeweging.

### *Kommando-Konsert*

'n Mooi verskeidenheidskonsert is op 13 Mei in die Kerksaal van Maitland gehou deur die ywerige kommando's Christiaan de Wet. Die program was baie aantreklik met heelwat oorspronklike nommers. 'n Eie Brandwag-orkes het ook opgetree, wat 'n weerkaatsing is van die geesdrif en ywer in hierdie kommando's. Die opkoms was goed en was gekenmerk deur die belangstelling van heelwat nie-lede.

## INTEKENGELD VERHOOG OP DIE O.B.

**Intekenare op Die O.B. word hiermee in kennis gestel dat weens onvermydelike omstandighede intekening op Die O.B. vanaf 1 Julie 1943, as volg verhoog sal word:—**

**(1) Kommando-intekenare:— (D.i. intekenare wat deur die Kommando waaronder hulle ressorteer, inteken: 6/- per jaar, 3/- per halfjaar.**

**(2) Intekenare wat verkies om nie deur 'n Kommando in te teken nie, maar regstreeks deur Voorslag Edms. Bpk., 10/- per jaar.**

*Woorde Mag Mooi Wees, Maar Dade Tel . . . .*

Dit help nie om u mede-Afrikaners net met woorde aan te moedig nie: Ondersteun hulle met dade en stuur al u produkte aan die bekende Markagente

G. C. du Plessis en Kie.
Môremark, JOHANNESBURG.
Posbus 2817. Foon 33-5060. Tel. Adres: ,,Duplesko.''
Skryf om besonderhede en adreskaartjies.
Bankiers: VOLKSKAS (Koöp.) BPK.

HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE
Posbus 660 — JOHANNEBURG

GENIET u eie vrugte. Pluk dit van Herholdt se beroemde **VRUGTEBOME:** vroeg en laat soorte. Beantwoord in alle dele van die UNIE sowel as elders. Sierbome, Struike, Rose, ens. Bestel nou en voorkom teleurstelling!! **Katalogus gratis.**

,,IS JOU PLAAS AL VERKOOP?''



,,Nee wat, man, dit lyk vir my ek sal hom maar moet terugtrek.'' ,,Maar hoekom vra jy nie vir STEUNMEKAAR om hom te adverteer nie? Hulle is dorings om 'n plaas vinnig te verkoop.'' ,,Ja, wil jy glo, ek het ook al daaraan gedink. Wat sou die geheim wees van hul sukses as vinnige plaasverkopers?'' ,,Wat se GEHEIM? Dis g'n GEHEIM nie! Die hele land praat dan daarvan hoedat STEUNMEKAAR geen koste ontsien as hulle 'n plaas het om te verkoop nie. Weet jy dat hulle plase waarvan hulle die alleenverkoopreg het in 18 koerante en tydskrifte en in die ,,Farmer's Weekly'' adverteer? Behalwe dit stuur hulle nog lyste uit met 'n meer uitvoerige beskrywing van sulke plase aan almal wat op hul advertensies navraag doen. Met so'n uitgebreide advertensieveldtog is dit tog nie denkbaar dat 'n geadverteerde plaas van hulle nie die oog van die regte koper sal vang, of dat 'n koper so kieskeurig kan wees dat hy in al hul advertensies en lyste nie die plaas sal kry wat hy soek nie. Plase wat STEUNMEKAAR met 'n drie maande aleenverkoopreg nie verkoop kry nie sal ek met 'n kruiwa wegry see-toe.'' ,,Wat is hul adres?'' ,,Net STEUNMEKAAR, Malherbestraat 268, Pretoria.''

UITSONDERLIKE WINSKOPIE.

DISTRIK MIDDELBURG (Tvl.): 200 morg, 22 myl van Middelburg, 3½ myl van bus wat tweemaal per week room, eiers en ander plaasprodukte vervoer; goeie 9-vertrekwoning, buitekamer, rondawel, waenhuis, stal, klipkraal; omhein en in 9 kampe; fonteine en 2 damme, baie goeie standhoudende water, 40 morg besproeibaar, volop droëlande, goeie swart turf en rooi sandgrond; baie vrugte-, bloekom- en basbome; uitstekende weiveld vir beeste, perde en skape. Prys £1,050. Geheel of gedeelte van groot-, klein- en pluimvee, gesaaide en boerderygereedskap, asook ingesamelde wintervoer, kan baie goedkoop oorgeneem word. Rede van verkoop: kinders almal in stadsbetrekkings, eienaar te sieklik om boerdery te bestier. (No. 196).

PRONKPLAAS VAN NOORD-TRANSVAAL.

2,553 MORG, 12 myl van Naboomspruit, twee goeie 6- en 9-vertrekwoonhuise, motorhuis, buitegeboue, beesdip; omhein en vier kampe, uitstekende beesplaas; 40 morg onder besproeiing uit standhoudende stroom en fonteine, 40 morg droëlande, 2 bloekomplantasies, populierbos, ongeveer 300 gemengde vrugtebome; een van die beroemdste warmbronne in die land, wat tot 'n voordelige bron van inkomste kan ontwikkel word is op die plaas, 4 badhuisies alreeds ingerig. Prys £3 per morg. (No. 197). Uitvoerige beskrywing van hierdie en ander plase op aanvraag.

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703 Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro- Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.

## *Geklassifiseerde Advertensies*

**Advertensietarief vir Geklassifiseerde Advertensies:**

2d. per woord en 6d. vir elke afsonderlike versreël of naam. Minimum 4/- per plasing.

Alle geklassifiseerde Advertensies is streng vooruitbetaalbaar en gelde moet advertensies vergesel.

### GEBOORTE

**BEKKER.** — Aan Veldkt. en Mevr. Bertie Bekker van Vryburg, 'n fris O.B.-seun op 6 April 1943. Naas die Heer, innige dank aan Dokter en hospitaal staf. Die O.B. groei.

**HAASBROEK.** — Aan mnr. en mev. P. G. Haasbroek van Woodstock, 'n fris dogter op die 23ste April 1943.

### HUWELIK

**MEINTJIES—HUMAN:** Hiermee wens ons, Sannatjie en Schalk, aan familie en brandwagte bekend te maak, dat ons D.V. op Saterdag 12 Junie 1943 om 2.15 n.m., in die Ned. Geref. Kerk, Bloemfontein-Suid, in die huwelik tree. Geen kaartjies. **Telegramme: Oranje Koffiehuis.**

### DOODBERIG

**RICHTER:** In die vroeë môre-ure van 27 April 1943, is mnr. Carl August Richter, van Luckan, Pos Monsterlus, Middelburg, Tvl., oorlede, na 'n lyding van jare, waarvan die laaste tien maande uiters smartlik was. Ons treur diep maar gun hom die rus. **Die bedroefde Eggenote en Kinders.**

### DANKBETUIGING

**Komdt. A. J. Strydom, Barrydale,** wat sy Garage te Barrydale verkoop het, wil langs hierdie weg alle vriende en sy baie ondersteuners hartlik bedank vir hulle getroue ondersteuning in die verlede. Oor die toekoms is niks besluit nie. Onthou Afrikaners, uit my besigheid, maar altyd in diens van my God, Volk en Vaderland. **A. J. Strydom.**

### AFSKEIDSGROETE

Aan alle Ossewabrandwag-vriende wens ek deur middel van Die O.B., almal te groet met my vertrek uit Bloemfontein. Hou Koers. **Philip. R. Botha.**

### BENODIG

WEWENAAR van goeie karakter vra 'n wedevrou of meisie van 30 — 45 jaar as huishoudster op plaas. Om besonderhede skryf aan: **D. F. Smith, Drakens View, P.K. New Amalfi.**

### TE KOOP

GUERNSEY-bulletjies altyd op hand. Van 4 tot 12 maande oud. Alle beeste deur my geteeld is geregistreer. Stoet-bul van die beste in ons land. Bottervet van 'n baie hoë gehalte. Eienaar is lid van Guernsey-Beestelers-Vereniging. Om pryse en besonderhede skryf aan: **J. G. Kemp, Bus 16, Kirkwood.**

AANTAL tweede-hand Windpomp Koppe, kompleet. Ook No. 6 Balineur Stoof as nuut. **W. P. Lubbe, Hanover.**

### STEMPELS

STEMPELS met die O.B.-Wapen daarop is weer verkrygbaar teen 18/- of met naam van Kommando daarby £1-1-0 (Posvry). Bestel van **Tafelberg Industrieë, Koblingstraat 16, Kaapstad.**

### TE KOOP

**KARAKOEL-RAMME.** — Jong Ramme is tans beskikbaar uit volbloed Karakoelskape, wat spruit uit Neudam- en Grootfontein-Stoeterye. Teling geskied onder strenge beheer en met die beste deskundige raad. Pryse vanaf £30 tot £50 volgens klas. Skryf aan: **Mev. H. M. Burger, Bestuurderes, Toorkop Karakoel-Stoetery, Nieuwoudtville.**

### KAROO-KRAALMIS

BESTE kwaliteit, geen onkruid; met hamermeul fyn gemaal. Gereed vir Kunsmistoestelle. Gelewer bona fide boere se stasies teen 30/- per ton van 11 goeie sakke, **K.M.B. S. Nel, Uitvlugt, Sheidonstasie.**

### KAROO BOK-KRAALMIS

BESTE gehalte Kraalmis, fyn gemaal en geskik vir die gebruik in Kunsmistoestel. 32/6 per ton van 12 sakke, 38/6 per ton van 12 nuwe sakke, K.M.B., vry gelewer Uniestasies. Plaas bestellings vroegtydig. My Bank: Volkskas, Port Elizabeth. **J. A. Scheeman, P.S. Grootfontein, Somerset-Oos.**

### *RAMME*

Opreggeteelde Wanganella Ramme teen baie redelike pryse. Kudde Ramme £3-10-0 tot £10. Stoet Ramme £12-10-0 en hoër. Groot karkasse met uitstaande kwaliteit en lengte die kenmerke. Skrywe aan: **J. H. MOOLMAN, Merino, P.S. Cradock. Foon 712.**